

DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 3

Die brief aan die gemeente te Sardis: Openbaring 3:1-6

Agtergrond

Sardis was 1000 vC al daar – dit is dus 'n baie ou stad.

- In daardie jare was dit die hoofstad van die Lidiese koninkryk.
- Die laaste koning van daardie koninkryk was Kroesus.

Daarna was hierdie stad onder verskillende ander regerings.

- Eers het die Perse dit oorheers.
- Daarna het die Seleusiërs dit ingeneem.
- Later was dit onder die Romeinse oorheersing.

Kom ons gaan kyk na die geskiedenis en die toestand van die mense van Sardis – nie net die gemeente nie, die hele gemeenskap.

- Daardie stad is in die verloop van die ou geskiedenis twee keer deur 'n verrassingsaanval ingeneem.
- Dit was nie groot veldslae nie.
 - Die stad is elke keer ingeneem omdat die inwoners van Sardis nie waaksaam genoeg was nie.
 - Hulle het swak militêre dissipline geopenbaar.
- Dink net hoe belaglik is dit as jy 'n weermag het, maar jou land word ingeneem sonder dat jy eers geweet het dat jy aangeval word.
- Die tipiese karaktertrek van die Sardiërs was nalatigheid.

Hulle het presies dieselfde karaktertrek ook in hulle kerk geopenbaar.

- Hulle was nie verdruk deur die Jode – soos die gemeente van Smirna nie.
- Hulle was ook nie deur die heidene vervolgt soos die gemeente van Pergamus nie.
- Hulle het ook nie die innerlike verderf beleef soos byvoorbeeld Thiatire wat met kettere moes worstel nie.
- Hulle het in 'n wonderlike en ryk stad gebly.
- Alles was ideaal – maar tog het hulle gesterf terwyl dit gelyk het asof hulle lewe.

Vers 1

En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dít sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood. (Openbaring 3:1 AFR1953)

Die Here Jesus stel Homself hier bekend as die Een wat die sewe Geeste het.

- Hierdie gemeente wat so diep geestelik verval het, moet weet dat die Here wat die brief skryf en God die Heilige Gees (= die sewe Geeste) eenswesens is.
- Die getal sewe wys ook op die veelvuldigheid en verskeidenheid van die werkinge en gawes van God die Heilige Gees.

Waarom só 'n bekendstelling? Omdat die Here hulle voorberei op wat Hy van hulle gaan sê:

- Hy het sy Heilige Gees vir hulle gegee sodat hulle kan lewe – wat hulle fisies wel doen.
- Maar geestelik het hulle die Heilige Gees verstoot en doodgegaan.
- *As hulle dus ewige lewe soek, is dit deur die werking van die Heilige Gees by die Skrywer van die brief te kry.*

Die Here sluit met sy bekendstelling aan by dinge wat hy al klaar aan Johannes geopenbaar het:

Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, (Openbaring 1:4 AFR1953)

En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. (Openbaring 1:16 AFR1953)

. . . die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes. (Openbaring 1:20 AFR1953)

Die feit dat die Here Jesus wat die sewe Geeste het ook die sewe sterre het, beteken dat die sewe sterre net kan skyn en lig gee as die sewe Geeste in hulle werk!

- Dit beteken dat die gemeente van Smirna nie deur die sewe Geeste geïnspireer word as hulle geloofsluwe sleg (of swak) is nie.
- Die teenoorgestelde is ook waar: Waar die dood in 'n gemeente (begin) intree en die gemeente kom tot bekering, kom daar weer lewe!

Waarom sê die Here niks goeds van die gemeente van Sardis nie? Dit is die verskriklike skok.

- Dis nie Johannes wat die brief geskryf het nie – die brief is dus nie maar net iemand se opinie nie!
- Dis die Here wat laat weet dat Hy presies weet wat in elke kerk aangaan.
- Hy het toe vir die gemeente van Sardis geen goeie woord nie.
- Ja, skryf die Here, Ek weet die ander gemeentes dink julle is voortreflik, maar Ek weet julle is dood.

Dink u nou mooi in in die werklikheid van die gemeente van Sardis. Die Here sê self van die gemeente van Sardis: Julle het die naam dat julle leef!

- Met ander woorde al die ander gemeentes het gedink dat Sardis 'n wonderlike lewende en vooruitstrewende gemeente is!
- Hulle was 'n voortreflike gemeente – die lidmate moes hulle Bybel goed geken het en geweet het wat die belydenis van die kerk is, want dis waarom hulle nie gevang geraak het in dwaalleer nie.
 - Hulle het nie onder hulle Nikolaïete gehad wat deur die Here gehaat is nie.
 - Hulle het ook nie profetesse soos Isebel van Thiatire gehad nie.

- Hulle het ook by al die ander gemeentes die naam gehad dat hulle 'n pragtige en lewende gemeente is:
 - Dit beteken dat hulle kerkraad pragtige werk gedoen het, en so ook hulle diakens.
 - Die lidmate was beslis baie pligsgetrou, en hulle het presies geweet wat in hulle kerk aangaan, daarom het hulle nie agter dwaalleraars aangeloop nie.

Die buitenste vertoon van die gemeente was dus goed.

- Op die oog af het hulle gelyk na 'n bloeiende gemeente.
- Maar die Here laat Hom nie deur die uiterlike werke flous nie.
- Hy kyk na die binnekant –
 - die werke van die siel/ die wese van die gemeente/
 - die waarheid (of leuen) wat in die gemeente gesê en geleef word/
 - die leer wat die gemeente na binne uitleef.

Innerlik was die dood lewend!

'n Kerk kan dus lyk na wat sy nie is nie! Dis ook waar van elke mens!

Vers 2

Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie. (Openbaring 3:2 AFR1953)

Is alle hoop dan vir ons afgesny?

- Nee, daar is nog hoop, want die Here skryf vir Sardis dat die gemeente moet wakker wees.
- Hulle moet met die regte werksaamhede begin.
- Hulle moet die wat oorbly, versterk.

. . . die wat op die punt staan om te sterwe . . .

- Daar moet vinnig en beslissend 'n verandering by die gemeente intree.
- Die gemeente moet in 'n toestand kom waarin hulle 'n baie helder bewustheid het oor hulle toestand.
- Hulle werke moet meer krag vertoon.
- Dit moet nie net daar wees vir die uiterlike nie – dit moet innerlik versterk.

. . . Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie . . .

Die Here sê dat die gemeente dood is omdat Hy hulle werke nie volkome voor God gevind het nie.

- In die Grieks staan hier eintlik: *want Ek het nie jou werke vervul gevind in die teenwoordigheid van God nie.*
 - Dit help nie dat jy baie voortreflikhede hier het nie.
 - Hierdie voortreflikhede van jou moet die hemel bereik.
 - As jou werke nie daardeur gekenmerk kan word dat hulle standhou tot in die Goddelike teenwoordigheid nie, is dit nie werklik doeltreffend nie!

'n Gemeente se beloftes op die aarde moet dus in die hemel vervul word.

- Het daardie gemeente dan nie offers vir die Here gegee nie? Het hulle dan nie ook met hulle Psalmsang in die erediens die Here geloof nie?
- Ja, hulle het, maar op so 'n manier dat dit nooit die hemel bereik het nie.

- Die kontak tussen die kerk en die Here is verbreek deur die lidmate se geloofsdood.
- *En dit terwyl mens niks aan die uiterlike dinge kon agterkom nie!*

Die Here self het die skyn van die gemeente afgedop.

Vers 3

Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie. (Openbaring 3:3 AFR1953)

Die gemeente moet hulle bekeer –

- anders sou hierdie swak toestand daartoe aanleiding gee dat daar steeds meer en meer agteruitgang in die gemeente is.
- Daar was dus nog iets wat gered kon word.

Dit gaan nie oor die uiterlike nie, maar oor die innerlike.

- 'n Gemeente lewe eers werklik wanneer hy die skitterende lig van God se Heilige Gees se werking in hom uitstraal.
- Wanneer dit duidelik is dat elke lidmaat 'n werktuig van die Here geword het, en hulle die gawes van Christus se soendood waardeer en benut.

Die Here preek in hierdie brief baie genade.

- Daar is tyd om tot bekering te kom.

Ons het nog so 'n voorbeeld van iemand wat met 'n verkeerde benadering sy kontak met God versteur het. Simson! Die held van Israel.

- Hy het uit voeling geraak met die Here.
- Die afsny van sy hare was maar net die uiterlike vertoon van dit wat binne verkeerd geloop het, want as hy die Filistyne weer wil doodslaan soos tevore, lees ons:

Toe sê sy: Die Filistyne op jou, Simson! En toe hy uit sy slaap wakker word, sê hy: Ek sal vry uitgaan soos die vorige kere en my losruk. Want hy het nie geweet dat die H_{ERE} van hom gewyk het nie. (Rigters 16:20 AFR1953)

. . . want hy het nie geweet dat die H_{ERE} van hom gewyk het nie! . . .

Sy vroeëre verhouding met God is verwaarloos, en sodoende het sy kragte uitgeput geraak!

. . . sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie . . .

Vergelyk vir die skielikheid en die onbekendheid van die wederkoms die volgende Skrifuitsprake:

Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. (Matteus 25:43 AFR1953)

... want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie. (1 Tessalonisens 5:2-3 AFR1953)

Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader. (Markus 13:32 AFR1953)

Vraag

Het ons nie dalk ook lidmate wat uiterlik saamdoen met die geloofslewe, maar innerlik het hulle geen opregte behoefte om met God om te gaan nie?

Vers 4

Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.

(Openbaring 3:4 AFR1953)

Die Here sê hiermee dat almal in Sardis se gemeente nie verlore is nie.

- Daar is nog ware gelowiges wat in lewende Godsvrug wandel in die gemeente.
- Hulle het hulle rein gehou van die besmettinge van die wêreld.

Jy het enkele persone. . .

Die Here ken elke lidmaat presies. Hy maak nie 'n fout en maak die mense deurmekaar nie.

- Daarom weet die Here dat hierdie lidmate van Sardis **hulle klere nie besoedel het nie.**
- Hulle was dus rein ten opsigte van die besoedeling van die wêreld.
- Hulle het nie meegedoen aan al die sondes wat die wêreld aangevang het nie.
- Die rede waarom hulle nie gesondig het nie, is duidelik:
 - Hulle het in die Here geglo.
 - Hulle het hulle lewe ingerig volgens die gebooie van die Here
 - Hulle het in diens en aanbidding met die Here geleef.

. . . hulle sal saam met My in wit klere wandel . . .

Hulle sal heilig wees – God sal hulle heilig maak! Daarom gaan hulle wit klere dra.

- Wit klere is die teken van hemelse heerlijkheid, heiligheid en reinheid.
- Vergelyk hiervoor die volgende:

Toe het een van die ouderlinge gesprek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom?

(Openbaring 7:13 AFR1953)

En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.

(Openbaring 19:14 AFR1953)

. . . omdat hulle dit waardig is.

- Omdat hulle dit waardig is, beteken nie dat hulle dit verdien het nie!
- Dit beteken dat hulle getrou was aan die Here en hulle nie deur die wêreld laat verlei het nie.
 - Hierdie optrede van hulle het bewys dat dit vir hulle bo alles oor hulle gemeenskap met die Here gaan.
- Daarom gee die Here vir hulle waardigheid in sy teenwoordigheid – hulle dra wit klere terwyl hulle vir ewig met God omgaan.

Vers 5

Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele. (Openbaring 3:5 AFR1953)

Dis nie net die getroues wat waardigheid by die Here ontvang nie!

- Die wat oorwin ook! Met ander woorde, waar ook al hierdie gelowiges woon, of lewe, of aan watter gemeente hulle ook al behoort – solank hulle net die wêreld en die sonde oorwin.

Hoe lyk die waardigheid?

- Die Here trek vir hulle wit klere aan.
- Eintlik beteken **beklee word** dat die wit klere deur die handeling/optrede/beskikking van God gebeur.

In hulle wit klere skitter hulle in hulle heiligheid en majesteit by die Here.

. . . en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie ...

Ons lees nogal dikwels van die Boek van die Lewe:

Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het! Toe het die HERE Moses geantwoord: Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek. (Eksodus 32:32-33 AFR1953)

(69:29) Laat hulle uitgedelg word uit die boek van die lewe en nie saam met die regverdiges opgeskrywe word nie. (Psalms 69:28 AFR1953)

En in dié tyd sal Mígaël, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. (Daniël 12:1 AFR1953)

En ek vra jou ook, opregte metgesel, wees hierdie vroue behulpsaam wat met my saam gestry het in die evangelie, ook saam met Clemens en my ander mede-arbeiders wie se name in die boek van die lewe is. (Filippense 4:3 AFR1953)

Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele. (Openbaring 3:5 AFR1953)

En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie. (Openbaring 13:8 AFR1953)

Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is. (Openbaring 17:8 AFR1953)

En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. (Openbaring 20:12 AFR1953)

En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp. (Openbaring 20:15 AFR1953)

En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.

(Openbaring 21:27 AFR1953)

En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is. (Openbaring 22:19 AFR1953)

Die Here het dus 'n onveranderbare register!

- Soos wat elke kerk 'n lidmateregister het.
- Die verskil is net dat in 'n kerk op die aarde die name wissel (mense kom en gaan of breek bande met die kerk of gaan dood, ens) – terwyl die register in God se lewensboek onuitwisbaar en onveranderbaar is.

. . . en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele . . .

Dié woorde beteken dat die een wat oorwin baie groot eer by God sal ontvang.

- So 'n persoon se naam word dus in die hemel afgekondig.
- Hy ontvang dus die ewige lewe.
- Die Here Jesus het dit self al gesê toe Hy nog op die aarde was:

Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is. (Matteus 10:32 AFR1953)

Die Here Jesus is nie skaam as Hy ons name in die hemel bely nie – al is ons so ontsettend sondig en vol sondesmet. Vergelyk hiervoor die volgende uitsprake:

Want Hy wat heilig maak, sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit Een; om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie,

(Hebreërs 2:11 AFR1953)

Maar nou verlang hulle na 'n beter een, dit is 'n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei. (Hebreërs 11:16 AFR1953)

Want elkeen wat hom skaam vir My en my woorde, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom in sy heerlikheid en dié van die Vader en van die heilige engele.

(Lukas 9:26 AFR1953)

Vers 6

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

(Openbaring 3:6 AFR1953)

Vir die verklaring van hierdie vers, vergelyk hoofstuk 2:7 en 2:9

Vraag:

Het u al daaraan gedink dat die Here vir ons gemeente, of dalk vir my of vir jou so 'n getuigskrif soos hierdie kan gee? 'n Getuigskrif met geen enkele aanprysing in nie?

Die brief aan die gemeente te Filadelfia – Openbaring 3:7-13

Inleiding

Filadelfia was waarskynlik die jongste van die sewe gemeentes.

- Die dorpie is waarskynlik eers in die tweede eeu voor Christus gebou.
- Die plekkie was in Lidië en het suidoos van Sardis gelê.
- Die dorpie self is dikwels deur aardbewings getref.
 1. So geweldig was hierdie rampe dat die gemeenskap dikwels by die staat hulp moes kry om die rampe te kon oorkom.

Hier was ook nie baie lidmate in Filadelfia nie – en die wat daar was, was almal onbelangrike mense.

In die veertiende eeu is die stadjie deur die Turke verower. Die naam van die plek is tans Ala-sheher.

Vers 7

En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfia: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: (Openbaring 3:7 AFR1953)

Die Here Jesus het 'n boodskap aan die engel van die gemeente van Filadelfia. Hy stel Homself op 'n baie betekenisvolle manier voor in die inleiding van die brief. Die Skrywer van hierdie brief, die Here Jesus, stel Homself in die brief bekend as **die Heilige en waaragtige**.

Vergelyk hiervoor:

En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God:
(Openbaring 3:14 AFR1953)

En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? (Openbaring 6:10 AFR1953)

Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. (Openbaring 19:11 AFR1953)

Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige daede openbaar geword het.
(Openbaring 15:4 AFR1953)

En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het;
(Openbaring 16:5 AFR1953)

Die Here Jesus is heilig – afgesonder van enige sonde of kwaad.

- Hy verteer alle sondes met sy heiligheid.
- Hy is die Waaragtige: By Hom is net die waarheid, want Hy self is die waarheid.

Maar hoog sal die HERE van die leërskeure wees deur die strafgerig, en die heilige God sal Hom as die Heilige laat ken deur geregtigheid.
(Jesaja 5:16 AFR1953)

Met hierdie bekendstelling openbaar die Here sy absolute soewereiniteit.

- Hy is onbeperk in sy mag om oor enige iets en enige iemand te beskik wat Hy wil.
- Hierdie feit moet die gemeente in Filadelfia troos – hulle is veilig by hierdie almagtige God.

In hierdie hoedanigheid het Hy ook 'n sleutel waarmee Hy oopmaak en toesluit.

- Die Here Jesus doen dit op so 'n kragtige wyse dat niemand kan oopsluit waar Hy toegesluit het nie,
- en niemand kan toesluit waar Hy oopgesluit het nie.

Dis juis hierdie Here Jesus wat vir ons gesterf het, wat Johannes laat skryf dat Hy ons bewaar.

- Dis Hy wat die deur oopgesluit het.
- Maar dis ook Hy wat die deur sal sluit as ons nie daardeur wil loop nie, en dan is ons tot in ewigheid uitgesluit!

Die woorde van die Here wys terug na 'n baie ou uitspraak in die boek Job:

En Ek sal die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer lê; en hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie.

(Jesaja 22:22 AFR1953)

Hierdie profesie het geprofeteer dat die Here Jesus (uit die geslag van Dawid) die hoogste regsbevoegdheid van God gaan uitoefen met sy finale oordeel.

- Hiermee toon die Here Jesus aan dat Hy die hoogste mag het wat daar is.
- Daarmee bewerk Hy bepaaldelik sekere genade oor elke gemeente.
- Hy beskik oor hulle goeie dinge wat onwrikbaar vasstaan.

Met sy onbeperkte beskikkingsmag, dwing Hy sy seën af oor sy gemeente.

- Dit was vir die gemeente van Filadelfia – en ook vir ons vandag – 'n baie belangrike troos.
- God laat ons weet dat ons veilig is – niks kan ons skaad nie.
- Hy het self die goeie vir ons oopgesluit.

Vers 8

Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie. (Openbaring 3:8 AFR1953)

Maar, al is die gemeente min en gering geag, God het vir hulle 'n deur oopgesluit.

In vers 8 brei die Here verder uit oor die kwessie van sluit.

- Hy ken die gemeente.
- Hy ken ook hulle werke.
- Hy skryf dat Hy ook weet dat hulle min krag het.
- Hy weet dat hulle nie mense is met baie mag en uitsonderlike vermoëns nie.
- MAAR die Here maak vir hulle ruimte in sy koninkryk.

Maar al is hierdie gemeente waardeloos in die oë van die wêreld, dan beteken dit nog nie dat hierdie gemeente ook voor God waardeloos is nie. In hierdie gemeente se swakheid het God dit vir hulle moontlik gemaak dat hulle sy Woord kon bewaar, en sy Naam nie verloën nie.

Dis eintlik 'n baie besondere prestasie wat hierdie gemeentetjie van Filadelfia behaal. Dink daaraan:

- Die Here het oor vyf van die sewe gemeentes klagtes, maar met hierdie gemeentetjie is die Here tevrede.
- Groot en sterk gemeentes, soos Efese, het hulle eerste liefde verlaat, terwyl hierdie gemeente die Woord van Christus se lydszaamheid kon bewaar.

Die roem kom hulle nie toe asof dit hulle prestasie sou wees nie.

- God het met die sleutel van sy raad dit oopgesluit dat hierdie klein gemeentetjie dit kon regkry om God se Woord en sy Naam te heilig.
- Dis die betekenis van vers 8:

Kyk, Ek het jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie

Hierdie uitdrukking kom meermale in die Nuwe Testament voor. Een so 'n geval is 1 Korintiërs 16:9:

Want 'n groot en kragtige deur het vir my oopgegaan, en daar is baie teëstanders. (1 Korintiërs 16:9 AFR1953)

Daar word ook in 2 Korintiërs 2:12 gepraat van 'n deur wat oopgemaak word:

Maar toe ek in Troas gekom het om die evangelie van Christus te verkondig, hoewel 'n deur vir my in die Here geopen was, het ek geen rus vir my gees gehad nie, omdat ek my broeder Titus nie aangetref het nie; (2 Korintiërs 2:12 AFR1953)

Op 'n ander keer skryf Paulus aan die gemeente in Kolossense (4:3)

. . . en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook in boeie is, (Kolossense 4:3 AFR1953)

In al hierdie uitsprake is daar iets gemeenskapliks, naamlik dat almal verwys na 'n bepaalde geleentheid.

- Na 'n moontlikheid om iets te kan doen.
- Elke keer gaan dit ook in hierdie Skrifgedeeltes oor die moontlikheid om te kan preek.

Dan is dit eintlik logies dat dit die deur moet wees wat vir die gemeente van Filadelfia oopgemaak is.

- Daarom staan daar in die teksgedeelte dat die Here 'n deur vir hulle oopgesluit het.
- Hulle is toe getrou bevind in die bewaring van sy Woord, en dat hulle sy Naam nie verloën het nie

Vers 9

Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg. Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. (Openbaring 3:9 AFR1953)

In die vroegste jare het hierdie gemeentetjie van Filadelfia ook 'n bittere stryd en vervolging deurgemaak.

- Polukarpos, wat in 'n stadium die predikant van Smirna was, skryf in sy boeke dat daar in een stadium elf van Filadelfia se gemeentelede as martelare omgebring is.
- En al hierdie smarte is in hierdie ou klein gemeentetjie deur die Jode bewerk.

Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg – (Openbaring 3:9a AFR1953)

Dit is uit hierdie brief van die Here ook duidelik dat dit nie so maklik gegaan het vir hierdie gemeente om die Woord te bewaar nie.

- Daar was dinge wat dit vir hulle bemoeilik het.

Wat was dit?

- Dit was die feit dat die Here 'n aantal mense uit die sinagoge van Satan onder hulle ingestuur het.
- Die mense het die Woord van die Here verkondig onder swaar vervolging.

Daar was valse lidmate in hulle kerk – so skryf die Here dit ook vir hulle neer.

Dit was sekere mense wat hulle uitgegee het vir Jode, maar hulle het al die tyd gelieg.

Hulle wou in die kerk inkom om die Christene te kon vervolg.

Hulle het hulleself teen die Here verset – onder die vaandel dat hulle Jode is.

Die naam *Jode* het die betekenis gehad dat hierdie mense dié in die gemeente was wat op hulle agtergrond geroem het.

- Hulle was nog uit die tradisie van die besnydenis.
- Hulle het nog die wette van die Here geken.
- Hulle het die binnekant van die kerk al die jare geken – die ander lidmate moes luister as hulle praat, want hulle was die wat geweet het wat in die geloof aangaan.

Merkwaardig, die Here het nie dieselfde dunk van hulle gehad nie!

- Hy het hulle beskou as 'n sinagoge van die Satan wat in die kerk bestaan het.

Die gedeelte is profeties van die laaste tye voor die wederkoms.

- In daardie tyd sal daar ook mense uit die sinagoge van Satan rondloop soos in die gemeente van Filadelfia.
- Hulle sal in die kerk wees – en ook beheers word deur die leuen.
- Hierdie mense sal saam met die Satan en sy beplanning die laaste dae baie ondraaglik maak vir die gelowiges.

Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.

(Openbaring 3:9b AFR1953)

Op die tydstip toe die brief geskryf is, was hierdie slegte mense nog in diens van die Satan téén die Here – MAAR die Here gaan dit verander.

- Die Here gaan juis van hierdie mense wat deel is van die sinagoge van die Satan, tot bekering bring!
- Die Here gaan hulle van binne af so verander dat selfs hulle optrede teenoor die gelowiges heeltemal anders gaan wees!

Die Here Jesus **sal maak**, met ander woorde die Here Jesus (Hy is die Skrywer van die brief!) gaan veroorsaak dat hierdie mense voor die dominee van die gemeente kom neerbuig.

- Die *neerbuig voor die dominee se voete* beteken dat hierdie mense wat die kerk beveg het, nou lidmate wil wees!
- Hierdie verandering in hulle siel en in hulle optrede is omdat hulle meteens in 'n ander verhouding met die Here gekom het!

Tot nou toe het hulle gedink hulle kan teen die Here en sy kerk veg.

- Nou besef hulle die grootheid en die liefde van God – wat uitkom in die manier waarop Hy die gemeente beskerm!

Vrae:

- *Wat het gebeur dat hulle tot hierdie insig gekom het?*
- *Het hulle dalk allerhande planne gehad wat net elke keer nie uitgewerk het nie – totdat hulle op 'n punt gekom het waar hulle agtergekom het dat dit 'n Groter Mag is wat keer dat hulle nie skade aan die lidmate kan doen nie?*
- *Is dit dalk hoe hulle besef het dat dit is hoe die Here se almagtige liefde werk?*

Die feit is dat hierdie mense 'n punt bereik het waar hulle die grootheid en liefde van die Here gesien het en dit verstaan het!

- Dit het hulle van vyande af verander in mense wat kan liefhê.
- Meteens is hulle gesindheid teenoor die gemeente ook heeltemal anders (positief en deelnemend).

Hoe groot moet die verandering in 'n satanis wees dat hy die beskermende liefde van die almagtige God vir sy kerk kan sien – en dat dit hom dan tot bekering bring!?

Die beginsel is dat die Here openbaar dat Hy tot die verhardste mense wat daar op die aarde is, kan verander en in die ware geloof kan inlyf.

- Hy vernuut inderdaad sulke mense en maak hulle deel van sy kerk op die aarde.
- Daarmee laat Hy sy vrymagtige beskikking na vore kom – Hy red wie Hy wil, wanneer Hy wil!

Vers 10

Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.
(Openbaring 3:10 AFR1953)

Om die Woord van Christus se lydsaamheid te bewaar, is

- om te glo;
- om lief te hê;
- om te volhard tot die einde toe; en
- dat 'n mens moet weet die swaarste aanvegtinge gaan kom om ons geloof op die proef te stel,
 - maar ons moet ons nie daarvoor kwel nie,
 - want die Here sal ons deur alles bewaar.

Hierdie vers verwys na die beskerming van die Here oor sy kerk – juis die beskerming wat van die mense van die sinagoge van die Satan tot bekering gebring het.

- In die vorige vers het dit betrekking gehad op die lede van die sinagoge van die Satan.
- In hierdie vers het dit betrekking op die kerk van die Here.

Die kerk van die Here word weereens verseker van die Here se beskerming en bewaring.

Die Here openbaar dat daar uiters moeilike tye oor die gelowiges gaan losbreek. Dit sal oor die hele aarde kom – nie net oor enkele lande of net hier en daar nie. Ons is al baie naby aan die oomblikke waarvan in vers 10 geskryf word – die tye van beproewing wat die eindoordeel voorafgaan.

Dis merkwaardig hoe “eenders” die Here sy openbaring oor die eeue hou. Die Here Jesus se openbaring oor hierdie dinge van die eindtyd – tydens sy aardse lewe – is onder andere opgeteken in Matteus 25. Dit is dieselfde as die openbaring wat die Here Jesus uit die hemel uit aan Johannes gee:

Matteus 24:22 beskryf ook die dae:

En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.

(Matteus 24:22 AFR1953)

In die brief aan Sardis sê die Here Jesus nog steeds dieselfde ding:

. . . sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom

Hy self sal ons in daardie tye bewaar.

. . . die uur van beproewing . . .

Die duiwel en sy magte sal met talle versoekings op die gelowiges lostrek in die laaste oomblikke van die aardse tyd.

- Maar in daardie tyd sal die Here die dinge as beproewings gebruik – die gelowiges sal dan die ware kleur van hulle geloof moet wys!
- *Uur* is om aan te toon dat dit maar vir 'n baie kort tyd sal wees wat die dinge gaan gebeur.
- In hierdie uur gaan die Here hulle bewaar.

Die Here Jesus maak die deure vir ons oop sodat ons kan glo en getuig.

- Al wat Hy vra, is die verantwoordelikheid dat ons dit doen.
- Hy bewaar ons selfs in die stryd om dit te kan doen.

In God se besorgdheid oor ons welvaart gebruik hy al die magte van die hemel om ons te beskerm en voort te help.

- Dink aan die werke van die engele.
- Maar bo alles stuur Hy Jesus Christus om te sterf sodat God se woede oor ons oortredinge in Hom gestraf kan word.
- So word die bewaring van Openbaring 3:10 waar.

Vers 11

Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie. (Openbaring 3:11 AFR1953)

Die feit dat die Here die gemeente verseker dat Hy hulle sal bewaar, moet nie maak dat die gelowiges onverskillig raak nie.

- Die feit dat hulle weet dat die Here hulle sal bewaar, moet maak dat hulle des te meer op hulle hoede is!

Die Here is trots op hierdie prestasie van die gemeente van Filadelfia.

- Daarom bemoedig Hy hulle met die boodskap dat Hy gou kom!
- Hulle moet vashou wat hulle het.

Alleen 'n gemeente wat in die Here lewe en wat die vermoë het om leersuiwer te bly, kan met sukses die evangelie aan mense wat die Here nie ken nie, gaan verkondig. 'n Gemeente wat in die geloof verdwaal, het niks om te verkondig aan die wat buite die verlossing van die Here Jesus Christus staan nie, omdat hulle niks beter daaraan toe is as die wat God nie ken nie.

jou kroon kan neem nie

Dis die lourierkrans van oorwinning wat 'n atleet by die Olimpiese Spele gekry het in daardie jare.

- Die waarskuwing wat hierin lê, is dat elke gelowige soos 'n atleet moet hardloop tot op die wenstreep.
- Hou enduit vas! Moenie toelaat dat iets jou van die Here af wegtrek nie!
- Net die wenner kry die lourierkrans!

Vers 12

Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.

(Openbaring 3:12 AFR1953)

Dan vertel God ook van die oorwinning. Die Here beloof om die oorwinnaars pilare te maak in die tempel van God. Waarom 'n pilaar?

- 'n Pilaar is die simbool van iets wat baie vas is.
- Dit skuif nie.
- Dit kan 'n groot las dra.
- Dit hou die gebou regop.

Daarom mag hulle in die koninkryk van God uitgeken word as (steun)pilare – diegene wat druk enduit kan hanteer tot eer van die Here.

Verder openbaar die Here Jesus dat Hy ook die Naam van God op hulle gaan skrywe!

Die Here Jesus is so trots op hierdie gemeente dat die Here aan hulle skryf dat

- Hy die oorwinnaars pilare maak in die tempel van God;
- hulle nooit weer uit die tempel van God sal uitgaan nie;
- Hy ook die naam van God op hulle sal skrywe;
- Hy ook die naam van die stad van God, die nuwe Jerusalem, op hulle sal skrywe; en
- Hy belowe dat Hy sy eie nuwe Naam ook op hulle sal skryf.

Die verskillende name wat op die oorwinnaars geskryf word, is simbolies.

- Dit dui daarop dat hulle in alle opsigte as God se eiendom gemerk is.
- Hulle is dus onvervreembaar van die Here.

Vers 13

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

(Openbaring 3:13 AFR1953)

Sien hierby die verklaring by hoofstuk 2:7.

Die brief aan die gemeente te Laodicea. Openbaring 3:14-22

Agtergrond

Kom ons ontmoet Laodicea, ons medechristengemeente in Klein-Asië.

Laodicea het in die destydse Frigië gelê.

- Die dorpie self was nie ver van Kolosse af nie.

Want ek wil hê dat julle moet weet wat 'n groot stryd ek oor julle het, en oor die wat in Laodicéa is en almal wat my aangesig in die vlees nie gesien het nie, (Kolossense 2:1 AFR1953)

- Die dorpie is ongeveer 60 n.C. deur 'n groot aardbewing verwoes.
 - Die mense was egter so ryk dat hulle op eie koste die stad weer kon herbou!
- Waarskynlik was die gemeente in Laodicea al baie vroeg na die hemelvaart gestig.
- Die gemeente het nie deur die apostel Paulus se sendingwerk tot stand gekom nie.
- Waarskynlik het Paulus 'n brief aan die gemeente van Laodicea geskryf, maar die brief het verlore geraak! Ons besit dit nie meer nie.

En wanneer hierdie brief by julle gelees is, sorg dat dit ook in die gemeente van die Laodicense gelees word en dat julle ook dié uit Laodicéa lees. (Kolossense 4:16 AFR1953)

Ons eerste kennismaking met die gemeente daar, deur hierdie brief van ons Here, is maar 'n troostelose een.

- Ons Here het geen woord van lof of goedkeuring vir daardie broeders en susters nie.
- Tog is dit 'n gemeente waar dit goed gaan, want ons lees nie van enige verdrukking wat daar plaasgevind het nie.
- Ons weet ook nie van stryd wat hulle deurgemaak het nie – daar was ook nie kettters wat die gemeente verwar het nie.
- Daar was verder rus in die gemeente omdat hulle kon beweeg waar hulle wou.

Maar die geestelike toestand van die broeders en susters daar was uiters beklagenswaardig. Die rede:

- Hoofsaaklik omdat hulle nie begrip gehad het vir hulle eie toestand nie.
- Hulle het nie besef wat hulle doen, en op watter kerf hulle geloofslewe lê nie.

Hierdie ellendige toestand het ontstaan omdat die gemeente daar 'n fout gemaak het:

- Hulle het glad nie onverskillig gestaan teenoor geloofsake nie.
- Maar hulle was ook nie besield nie.
- En dalk die belangrikste: hulle het nie besef wat dit is om nederig te wees nie.

Vers 14

En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God:

(Openbaring 3:14 AFR1953)

Dít sê die Amen

Met hierdie selfbenoeming stel die Here Jesus sy waaragtigheid baie sterk op die voorgrond.

- Hy is die Waarheid
- En Hy praat die waarheid

Die Here Jesus se Naam word voorafgegaan deur die woord: **Amen**. Dit beteken: sowaar/verseker/beslis.

Wat is nou so waar en seker?

- In sy Persoon dra Hy die belofte van verlossing.
- Maar Hy dra ook die bedreiging van vernietiging.

Die Here Jesus het eenkeer tydens sy lewe op aarde die volgende gesê:

Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.
(Johannes 14:6 AFR1953)

die getroue en waaragtige Getuie

Die Here Jesus het Homself ook met hierdie woorde aan Johannes bekendgestel. Johannes begin hierdie boek deur te sê presies wie die Here is wat hierdie dinge aan hom geopenbaar het en wat hierdie opdragte aan hom gegee het:

. . . en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed . . . (Openbaring 1:5 AFR1953)

Dat die Here 'n Getuie is, kom al die eeue deur voor in die openbaring van die Here. Kyk na die volgende Skrifgedeeltes:

o Volke, luister almal saam! o Aarde en sy volheid, let op! Sodat die Here H_{ERE} getuie teen julle kan wees, die Here uit sy heilige paleis. (Miga 1:2 AFR1953)

Toe sê hulle vir Jeremia: Laat die H_{ERE} 'n waaragtige en geloofwaardige getuie teen ons wees as ons nie stip handel ooreenkomstig elke woord waarmee die H_{ERE} u God u na ons sal stuur nie. (Jeremia 42:5 AFR1953)

Selfs nou, kyk, in die hemel is my Getuie; en Hy wat saam met my getuig, is in die hoogtes. (Job 16:19 AFR1953)

Daarna stel die Here Jesus Homself bekend as . . . **die begin van die skepping van God**

Die openbaring van die Here gaan met hierdie uitspraak direk terug na die skepping toe:

In die begin het God die hemel en die aarde geskape. (Genesis 1:1 AFR1953)

Die Here openbaar verder meer oor die skeppingsdaad. Ons lees in die Hebreërbrief die volgende:

Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie. (Hebreërs 11:3 AFR1953)

Die apostel Johannes verklaar die aandeel van die Here Jesus tydens die skepping nog verder:

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. (Johannes 1:1-3 AFR1953)

Die Bybel openbaar die Here Jesus meer kere as die Begin van die skepping.

Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping;
(Kolossense 1:15 AFR1953)

Dit beteken dat: die Here Jesus

- die skepping behartig (tot bestaan geroep) het.
- Die skepping het sy bestaan te danke aan Hom.

Dit beteken dat die gemeente daaraan moet dink dat die Here Jesus die hele skepping beheer en bestuur. Alles en almal is dus verantwoording aan Hom verskuldig.

Toe word hulle deur die Drie-Enige God gekonfronteer met hulle situasie, en Hy stel nie belang in hulle vertolking van hulle situasie nie – Hy stel net in die waarheid belang.

Dit gaan dus weer oor waarheid:

- Die gemeente van Laodicea moet dus besef dat die Here Jesus dwarsdeur hulle kyk.
- Die eiewaan waarin hulle lewe, beteken vir Hom niks.
- Hy kan alles wat hulle het, wegneem (ook dit wat hulle dink hulle het!)

Vers 15

Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!
(Openbaring 3:15 AFR1953)

Die Here Jesus weet dat die gemeente van Laodicea met die mond bely dat hulle die Here liefhet, en dat hulle van Hom afhanklik is.

- Maar Hy het ook geweet dat dit nie waar was nie.
- Daar was by die gemeente 'n mate van emosieloosheid as gevolg van hulle selfvoldaanheid.
- Hulle het nie werklik gebrand en gegloei van opwinding vir die Here nie!

Nederigheid is die onmisbare onderbou van die Christelike verlossing.

- Ons kan slegs in die verlossing deel as ons voortdurend skerp besef dat ons niks het waarmee ons die stryd teen die duiwel kan voortsit nie.
- Ons moet dus elke oomblik voortlewe met ons oë op God gerig met die geloof en verwagting dat Hy ons met die genade sal bedien om die satan te kan hanteer en sy aanslae te kan bemeester.

Die Laodiceër se lewenshouding was dat hy geweier het om hand uit te steek om aan iemand anders hulp te verleen.

- Daarom was tot hulle geloofsbeplanning so ingerig dat hulle op hulle eie krag kon staatmaak.
- Noodwendig maak dit kontak tussen so 'n lidmaat en die Here Jesus Christus onmoontlik.

Vers 16

Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. (Openbaring 3:16 AFR1953)

Louheid in die geloof is wanneer jy so vol geraak het van jouself dat die Woord van die Here nie meer in jou kan ingaan nie.

- Jy sê een ding – ter wille van die korrektheid.
- Maar jy doen 'n ander ding, want dis wie en wat jy werklik is!

Wanneer 'n mens God verwerp, onttrek die Here ook sy seën aan daardie mens.

- Dan begin daardie mens om verder van God af te verdwaal.
- Selfs terwyl hy nog onder die waan verkeer dat hy die Here aanbid.

Hulle het lou en emosieloos geraak:

- Hulle was nie meer geroer deur skrik vir die oordeel van die Here nie.
- Hulle was ook nie meer geroer deur sy genade vir 'n verlore en sondige mens nie.

Daarom moet daar verandering intree, anders spoeg die Here hulle uit!

- Hierdie uiters sterk uitdrukking van afkeer was bedoel om die gemeente tot bekering te beweeg.
- Dit moes hulle laat verstaan hoe smaakloos en walglik hulle as gemeente geword het.

Vers 17

Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. (Openbaring 3:17 AFR1953)

Die dorpie (stad?) Laodicea was vir veral drie dinge baie bekend in daardie jare toe die brief aan die Christengemeente daar geskryf is:

- Hulle was bekend vir hulle groot banke wat hulle rykdom geadministreer het.
 1. Hulle het geslypte organisasies gehad wat hulle geldsake bestuur het.
 2. Daarom het hulle so grootgepraat oor hulle rykdom!
- Verder was hulle baie beroemd vir hulle klerebedryf – en dus ook die weelderige klere wat hulle gedra het. (Onder andere klere van swart bokhaar!)
- Daarby het hulle 'n baie beroemde mediese skool gehad met 'n uiters gevorderde aptekerswese wat daarmee saamgegaan het.
 1. Hulle het in hulle apteke 'n baie goeie – maar ook baie duur – oogsalf gehad wat allerhande oogkwale genees het.
 2. MAAR hierdie oogsalf was so duur dat die armes dit nie kon bekostig nie – net die rykes!

Die gemeente was taamlik grootpraterig.

- Hulle het loop en rondvertel dat hulle ryk is en aan niks gebrek het nie.
- Dit was ook juis hierdie rykdom wat gelei het tot hulle agteruitgang op geestelike gebied – veral omdat dit 'n streep getrek het deur hulle nederigheid.

Hulle het 'n onafhanklike gees ontwikkel, wat hulle al hoe verder van die Here af weggelei het. Sonder dat hulle dit agtergekom het, het hulle aardse rykdom hulle sielelewe verstik.

- Hulle het 'n soort lewe begin leef waarin hulle alles beplan en beheer het.

- Hulle het alles in hokkies en vakkies ingedeel: soveel vir my hier, en dit vir my besigheid, en soveel vir die Here.
- Dis hoe dit gebeur het dat die gemeente van Laodicea louteword het. Hulle het nie hulle hele lewe vir God afgesonder nie. Hulle het 'n deel vir God gegee, en die res vir die wêreld uitgemeet.

Wat dink die Here hiervan?

- Die Here verag so 'n toestand.
- Daarom blyk dit duidelik uit die brief dat die gemeente die Here walg: Ek sal jou uitspoeg.

Is dit nie ook vir u snaaks dat die Here sê dat 'n koue mens vir Hom aanvaarbaarder is as 'n louteword een nie?

Ons sou dink dat daardie persoon ten minste tog probeer!

Die Here dink anders.

Hy verklaar hier baie duidelik dat Hy eerder verkies dat iemand koud is as louteword.

Iemand wat koud is omdat hy heeltemal onverskillig staan, kan nog tot bekering kom – hy kan nog so verander dat hy uiteindelik warm is in sy lewe teenoor die Here.

Daar is dus hoop vir 'n wêreldmens wat nog nooit ernstig was met die evangelie nie. Maar daar is nie hoop vir 'n afgewaterde Christen wat nie oortuig wil word dat hy moet verbeter nie!

Vers 18

Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.

(Openbaring 3:18 AFR1953)

Die dominee het in die waan gelewe dat hy en sy kerk baie gelukkig is, want hulle het alles wat hulle wil hê!

Die werklikheid was egter anders. Hulle was (geestelik) te blind om te sien in watter toestand hulle voortgeploeter het!

. . . om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is . . .

Die Here verwys hier na die eerste ding waarvoor hulle so beroemd was: Hulle banke en geldelike administrasie! Die Here Jesus se rykdomme is groter!

Daarom raai die Here hulle aan om goud by Hom te kom koop!

- Hulle rykdom is vals.
- Die Here het ware rykdom – die ewige lewe.
- Hulle kon nie sien dat hulle in die ontroerende armoede van 'n Godlose lewe verval het nie.

. . . en wit klere . . .

Hiermee sluit die Here aan by die tweede ding wat hulle so beroemd gemaak het – hulle modes en klerebedryf!

- Hulle verkoop duur swart klere – die simbool van die hel en die dood!
- Die Here verkoop wit klere!

- Wit het hier die betekenis dat dit staan teenoor swart wat die kleur van die dood is.
- Maar dit staan ook teenoor die swart bokhaarklere wat die tipiese rykmansdrag van die Laodicense (*Laodisea*, met ander woorde *Laodiseërs*, in die 1983-vertaling) van daardie tyd was.
- Verder is wit natuurlik die kleur van God se heiligheid.

. . . dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie

Weer sinspeel dit op hulle kleredrag wat nie aan die Here se standarde voldoen nie, en op hulle blindheid – hulle kan dit nie raaksien nie!

- Hulle is te blind om te sien dat hulle kaal voor die Here staan!
- Hulle is totaal ontklee van alle heiligheid.
- Binnekort gaan almal – die ander kerke – dit raaksien as hulle nie iets daaraan doen nie!

. . . en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien . . .

Hier sluit die Here aan by die derde ding wat hulle beroemd gemaak het: Hulle mediese en aptekerskennis – veral dan die sogenaamde goeie oogsalf wat hulle gemaak het.

Tog is die Here Jesus beslis nie ongenadig nie – al het Hy rede om te wees!

- Hy kom nog en sê vir die trotse Laodiseërs: Kry by My oogsalf wat jou oë kan oopmaak om te sien,
 1. want die salf wat jy gebruik hou jou blind.
 2. Dit sorg net vir jou liggaamlike oë.
- Die oogsalf van God maak jou oë oop om ook jou eie ellendes te sien en daarmee saam die genade van sy verlossing in Jesus Christus.

Wat is die groot punt van die Here se oogsalf?

- *Armes kan dit ook bekostig.*
 1. Hulle moet net tot bekering kom en glo – dan het hulle dit!
 2. Jy hoef nie ryk te wees om dit te kan bekostig nie – die Here het dit dus nie gereserveer net vir die boonste inkomstegroep nie!

Kyk weer na die gevaarpunt van hierdie preek:

- Die gemeentede van Laodicea het hulle nie met energie teen God versit nie.
- Hulle was net neutraal.
- Dit is al erg genoeg, maar die groot probleem van daardie gemeente was dat hulle die toestand nie kon raaksien nie.

Probleem!

- Hulle het hulle eie sondes nie gesien nie!
- Hulle het ook nie gesien dat hulleself onmagtig is om hulle hiervan vry te maak nie!
- Daarom het hulle ook nie 'n behoefte aan 'n Redder gevoel nie.

Vers 19

Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou. (Openbaring 3:19 AFR1953)

Die dinge wat die Here geskryf het, moes die gemeente ongetwyfeld seergemaak het (Veral omdat al die ander kerke dit ook gelees het!).

Die werklikheid is blootgelê sonder om gevoelens te spaar.

MAAR

- Die Here het dit nie in woede of in haat gedoen nie!
- Hy het dit gedoen uit genade en om hulle te bewaar – daarin dat hulle tot bekering moes kom.

Die Here verduidelik vir hulle waarom hy so reguit en op die man af met hulle praat:

- Hy straf en tug die wat Hy liefhet.
- Tug beteken hier letterlik **opvoed!** (*as kind opvoed*)
- Sy straf is nie altyd dinge wat met ons gebeur nie – soms is dit net skerp woorde waarmee Hy ons reguit aanspreek.

Die dominee en die gemeente van Laodicea moet dus verstaan dat die Here met hierdie brief aan hulle liefde bewys!

Wees dan ywerig en bekeer jou . . .

- Wat gaan hulle houding wees?
- Toe die Here dit by Kaïn aanbeveel het, wou hy nie – en dit het hom van kwaad na erger laat gaan. Hy het verlore gegaan!

Die bedoeling van die Here met hierdie woorde is dat die Laodiseërs uit hulle louheid moet uitbeweeg en brandend van liefde vir die Here word.

Die apostel Paulus skryf iets soortgelyks vir Titus:

. . . wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.
(Titus 2:14 AFR1953)

Bekering beteken dus dat hulle gesindheid moet verander en dat hulle moet terugdraai met hulle lewens – hulle is besig om die verkeerde pad te stap.

- Die grondwoord verwys inderdaad na wortelbekering!
- Was die gemeentelede dan ooit werklik bekeer gewees?

Vers 20

Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. (Openbaring 3:20 AFR1953)

Pasop om nie hierdie gedeelte Remonstrants te verklaar nie!

- *Die Remonstrantse verklaring leer dat die Here buite staan en aan jou hart se deur klop.*
- *Jy kan dan self besluit of jy die Here wil laat inkom of nie! Jy het die keuse.*
- *Dit is presies wat hier NIE geskryf staan NIE!*

Die gedeelte word uit die Skrif self soos volg verklaar:

- Die Here Jesus skryf hierdie brief vir sy kerk – dit is sy liggaam!

- Hy hoort saam met hulle aan die tafel, want Hy is die Gasheer!
- MAAR die gemeente van Laodicea het die Here Jesus uit sy eie kerk uitgeboer!
- Hierdie gedeelte verwys terug en sluit aan by die Nagmaal – die gemeente het dus die Nagmaal ook sonder die Here Jesus gevier.

Die Here Jesus skryf in hierdie openbaring dat Hy voor die deur staan en klop.

- Hy appelleer dus op ons aanbidding en geloof om warm te wees.
- Die bedoeling is glad nie daarmee dat ons die keuse het om oop of toe te maak nie.
- Daarmee stel die Here bloot die feit: Hy behoort binne te wees om saam fees te vier, want dis waarvoor Hy gesterf het.

'n Mens wat lou is in sy geloof, is iemand wat onverskillig is en die Here bedroef. Vir al diesulkes preek die Here dat hulle hulle moet bekeer.

en saam met hom maaltyd hou

- Die hoof-ete was gewoonlik in die aand.
- So is die Pasga ook in die aand gevier.
- Die Nagmaal is ook in die aand ingestel.

Die kerk van die Here se feesmaaltyd is dus hulle herdenking dat hulle verlos is en in die ewige koninkryk van God mag ingaan.

- Dit gebeur deur die liggaam van die Here Jesus wat vir hulle verbreek is en sy bloed wat vir hulle vergiet is.
- Die hiernamaals begin ook met 'n fees tussen die Verlosser en sy kerk:

Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. (Openbaring 19:7-8 AFR1953)

Vers 21

Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.

(Openbaring 3:21 AFR1953)

Ons moet eers oorwin. Dit beteken dat ons eers die stryd tot op die einde klaar moet stry. Dan verander die Here Jesus ons stryd in heerlijkheid:

- Die Here Jesus Christus verkondig hier dat Hy belowe dat Hy alle mense wat met volle verantwoordelikheid sy genade oor ons benut, met koningsheerlikheid sal beklee.

Dink hoe onbeskryflik wonderlik dit sal wees om langs die Here se troon te mag sit!

En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel. (Matteus 19:28 AFR1953)

Vers 22

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

(Openbaring 3:22 AFR1953)

Sien hiervoor ook Hoofstuk 2:7.